

# Die Apokriewe Boeke (15)

## Die Apokriewe Boeke (15) – Jan van der Watt

Die invloed van die apokriewe boeke moet nie onderskat word nie. Die Christendom is nou min of meer 2000 jaar oud en vir verreweg die langste deel hiervan – tot ongeveer 1500/1600 nC – was die Ou-Testamentiese apokriewe deel van die Bybel. Daarna is dit deur die Protestante uit hulle Bybel uitgehaal, maar dit het nog steeds deel van die Rooms-Katolieke Bybel gebly. 'n Mens kan dieselfde van baie Nuwe-Testamentiese apokriewe sê. Alhoewel die amptelike standpunt van die kerk was dat hulle nie deel van die Bybel is nie, het sommige Christene nog steeds van hierdie boeke bly lees.

*'n Klompie voorbeeld uit die verlede*

Hier is 'n paar voorbeelde van die invloed wat die apokriewe in die loop van die geskiedenis gehad het:

- Kenners van *Shakespeare* se werke het byvoorbeeld nie minder nie as 80 sinspelings op die Ou-Testamentiese apokriewe in sy werke aangetoon. Dit kan dalk toevallig wees, maar twee van sy dogters het selfs name van twee heldinne uit die apokriewe gehad – Judit en Susanna.
- Die apokriewe het ook 'n invloed op die *skilderkuns* uitgeoefen. Gedurende die Renaissance en daarna het skilders gereeld skilderye gemaak met tonele uit die apokriewe. Veral Judit, Tobit en Susanna was gewild.
- In die *musiek* het die apokriewe ook 'n invloed uitgeoefen. Händel het byvoorbeeld twee oratoria geskryf wat handel oor temas uit die apokriewe, naamlik oor Susanna en Judas Makkabeus (van wie ons in die Makkabeërboeke lees).
- Die bekende lied “Kom dank nou almal God” wat in 1636 deur Martin Rinkart geskryf is en wat tot vandag toe nog in baie kerke gesing word, is gebaseer op woorde in die

apokriewe boek Ben Sirag (50:22-24).

- Die apokriewe het selfs vir Christopher *Columbus* gehelp in sy soektog na 'n nuwe pad na die Ooste. Hy het 'n gedeelte in 1 Esdras 4:41 (verkeerd) verstaan en daaruit afgelei dat net een sewende van die aarde se oppervlak uit land bestaan en dat die orige ses sewendes see moet wees. Daaruit het hy afgelei dat die oseaan tussen Europa en Asië (soos hulle gedink het) oorgesteek kan word. Hy het hierdie gedeelte ook aangehaal in sy pogings om die regeerders van Spanje oor te haal om hul finansieel te ondersteun.
- Baie van die *populêre voorstellings* wat nou nog in die Christendom leef, is gebaseer op gegewens in die apokriewe. 'n Paar voorbeelde: Die prentjies wat ons so gereeld op Kerskaartjies van Jesus se geboorte kry met 'n os en 'n donkie daarop is gebaseer op gedagtes wat in die apokriewe voorkom. Die *quo vadis*-legende, waarvolgens Christus vir die vlugtende Petrus vra waarheen hy gaan as hy uit Rome vlug, asook die voorstelling dat Petrus onderstebo gekruisig is, kom ook uit die apokriewe. Die gedagte dat Christus presies op middernag gebore is, is gebaseer op 'n (verkeerde) interpretasie van 'n gedeelte uit die Wysheid van Salomo (18:14-15).
- Van die leerstellings van die Rooms-Katolieke kerk wat vir Protestante snaaks klink, kom uit die Ou Testament-apokriewe, byvoorbeeld dat vir mense wat klaar dood is, gebid kan word, of dat heiliges vir 'n mens kan intree.
- Van die feesdae van die Jode sou ons nie geken het as dit nie vir die apokriewe boeke was nie. Daarin word die geskiedenis vertel van waar die dae vandaan kom.

Daar word selfs vandag beweer dat die apokriewe boeke vir ons die venster oopmaak om die verskeidenheid van die Christendom in die eerste eeue te waardeer. Van die groepe, soos die Gnostici, wat hulleself ook as Christene gesien het, is deur die "algemene kerk" as dwaalleraars verklaar. Hulle het

natuurlik ook geskryf (by Nag Hammadi is 'n groot biblioteek van hulle in die vorige eeu ontdek) en ons kan dus sien wat hulle alles gesê het.

**Outeur:** [Prof Jan van der Watt](#)

---

## **Die Apokriewe Boeke (14)**

### **Die Apokriewe Boeke (14) – Jan van der Watt**

Die eerste brief van Klemens is nie 'n apokriewe boek nie, maar 'n vroeg-Christelike geskrif. Hy was die biskop van Rome (die pous soos ons hom vandag ken). Hierdie brief is aan die gemeente in Korinte gerig.

Ons wonder dikwels of die boeke wat ons in die Nuwe Testament kry van die vroegste tye af deur die Christene as gesagvol gesien is. Hier is 'n uittreksel uit 1 Klemens 36 (ongeveer in die jaar 95 nC geskryf) wat wys hoe die boeke wat ons as die Nuwe Testament ken reeds deur die Christene gesagvol aangehaal is, selfs saam met die Ou Testament.

*1) Geliefdes, hierdie is die pad waarop ons ons heil gevind het: Jesus Christus die Hoëpriester, bied ons gawes aan. Hy is die Een wat ons ondersteun en help met ons swakhede. 2) Deur Hom kyk ons op na die hoë hemele. Deur Hom sien ons soos in 'n spieël sy aangesig wat perfek en verhewe is. Deur Hom word die oë van ons harte oopgemaak. Deur Hom straal die lig ons gees binne wat in donkerheid vasgevang is en niks weet nie. Deur Hom wil die Here ons graag laat proe aan die kennis wat nooit*

vergaan nie: 'die glansvolle grootheid van sy majesteit troon sover bo die engele uit, as wat sy Naam bo hulle name uittroon.' (Hebreërs 1:3-4). 3) Want die Skrif sê: 'Hy maak sy engele tot winde en sy dienaars tot vuurvlamme.' (Hebreërs 1:7). 4) Maar van sy Seun het die Here dit gesê: 'Jy is my Seun. Op hierdie dag het Ek jou gegener. Vra van My en Ek sal vir jou die nasies as jou erfdeel gee en die wye wêreld as jou besitting.' (Psalm 3:7-8). 5) En weer het Hy vir Hom gesê: 'Sit hier aan My regterhand tot Ek vir jou 'n voetstoel van jou vyande maak het.' (Psalm 110:1; Hebreërs 1:13). 6) Wie is nou die vyande? Die slegte mense wat teen God se wil optree.

**Outeur:** [Prof Jan van der Watt](#)

---

## Die Apokriewe Boeke (13)

### Die Apokriewe Boeke (13) – Jan van der Watt

#### 2 Makkabeërs 2:4-8.

Wat het van die ark van God geword?

4) In dieselfde verslae lees ons van die profeet wat 'n openbaring van God af gekry het. Op grond daarvan het hy gevra dat die tabernakeltent en die ark agter hom aangedra moes word toe hy na die berg toe is waarteen Moses uitgeklim het om die land te sien wat God vir sy mense wou gee. 5) Daar gekom kry hy 'n grot. Hy steek toe die tabernakeltent, die ark, asook die altaar waarop die wierook gebrand is, daar weg. Hy het die ingang toegemaak en versteek. 6) Van dié wat saam was het

probeer om die pad te onthou, maar hulle kon dit nie weer kry nie. 7) Toe Jeremia hoor wat hulle wou doen, het hy hulle erg kwalik geneem: hierdie plek moet onbekend bly tot God sy volk weer bymekaar bring en vir hulle goed is bo wat hulle verdien. 8) Dan sal die Here vir hulle wys waar dit weggesteek is. Die glorie van die Here, selfs die wolk, sal dan verskyn net soos dit in die tyd van Moses verskyn het; of toe Salomo gebid het dat die Plek op 'n buitengewone manier vir God afgesonder moes word.

## **2 Makkabeërs 1:18 – 35**

Toe die tempel in Jerusalem vernietig is, het die ballinge die vuur waarmee hulle die offeraltaar aan die brand gehou het, saamgeneem. Lees hier wat gebeur het.

18 Ons sal op 25 Kuslew (November tot Desember) die reiniging van die tempel herdenk. Ons het gedink dit is reg om julle daarvan te sê sodat julle ook die Huttefees vier, asook die Fees van die Vuur wat ons laat teruggink aan die vuur van die offers van Nehemia, wat die tempel en die altaar herbou het.

19) Dit is die agtergrond: Toe ons voorvaders as gevangenis Persië toe gevat is, het toegewyde priesters van die vuur van die altaar saamgevat. Daar gekom het hulle dit stilletjies in 'n holte in 'n droë put weggesteek. Hulle het doodseker gemaak dat niemand anders van die plek weet nie. 20) Baie jare het verbygegaan. Toe die tyd volgens God ryp was, het die koning van Persië Nehemia na Israel toe teruggestuur. Nehemia het toe die nakomelinge van die priesters wat die vuur weggesteek het, gevra om daarvoor te gaan soek. Hulle het kom rapporteer dat hulle dit nie kon kry nie. Al wat daar was, was dik modderige water. Nehemia sê toe vir hulle om van daardie water te gaan haal. 21) Hulle het die offers reggemaak. Toe sê Nehemia vir die priesters om van die modderige water op die hout en offer wat op die altaar gelê het, te gooi. 22) Skaars het hulle dit

gedoen of die son het tussen die wolke deurgebreek. Toe dit gebeur het die hout en offer aan die brand geslaan. Almal was stom van verbasing. 23) Terwyl die offer gebrand het, het die priesters begin bid; almal het sommer saam gebid. Jonatan het die gebed gelei en die res van die mense het saam met Nehemia hardop saam gebid waar hulle moes.

30) Die priesters het toe liedere begin sing om die Here groot te maak.

31) Toe die offer heeltemal verbrand was, het Nehemia gesê dat die res van die modderige water op groot klippe uitgegooi moes word. 32) Hulle het dit gedoen en dadelik het 'n vuur daar aan die brand geslaan. In die helder glans van die altaar het dit na niks gelyk nie. 33) Die nuus het gou versprei. Die mense het selfs vir Persiese koning alles gaan vertel: dat presies op die plek waar die priesters (wat gevang was) die vuur weggesteek het daar 'n soort vloeistof verskyn het; en dat Nehemia en sy mense dit gebruik het om die offers mee aan die brand te steek. 34) Die koning het dit laat ondersoek en agtergekom dat alles waar is. Hy het 'n muur om die plek laat bou en dit heilig verklaar. 35) Die koning het van die mense gehou. Daarom het hy vir hulle die pragtigste geskenke gegee. Nehemia en sy mense het hierdie modderige water Neftar genoem (dit beteken om rein te maak). Die gewone mense het sommer Neftai gepraat.

**Outeur:** [Prof Jan van der Watt](#)

---

# Die Apokriewe Boeke (12)

## Die Apokriewe Boeke (12) – Jan van der Watt

### Makkabeërs 6:24 – 30

In die Bybel (byvoorbeeld Johannes 10:11vv of 15:12-14) hoor ons dat dit goed kan wees as iemand vir iemand anders sterf, doodgewoon omdat hulle vriende is of aan mekaar behoort. Hy hoef nie eers noodwendig die ander persoon se lewe te red nie. Hy doen dit net vir hom of haar... Hier is een van die eerste verhale in die Jodedom wat die gedagte dat iemand vir ander sterf, beklemtoon. Jesus het so vir ons gesterf. Die vroeë Christene het ook baie van Jesaja 53 gemaak. Die mense wou Eleasar dwing om onrein vleis te eet. Hy wou nie en omdat hulle so baie van hom gehou het, het hulle gesê hy moet net maak asof hy die vleis eet. Dit wou hy ook nie doen nie. Kyk net wat hy sê:

### 2 Makkabeërs 6:24 – 30:

*Hy het dit so verduidelik. "Dit sou nie by my ouderdom pas om toneel te speel nie. As ek dit doen sal baie jongmans dink dat Eleasar op sy negentigste jaar na 'n vreemde godsdiens toe oorgestap het. 25) Ek sou met die toneelspelery hierdie jongmans op die verkeerde spoor lei en dit net om 'n oomblikkie langer te leef. Watter skande en oneer sou dit net nie vir iemand van my ouderdom beteken nie? 26) Ek sou nou miskien die straf van mense kon vryspring, maar of ek nou lewe of dood is, ek sal nooit uit die hande van die Almagtige kan ontsnap nie. 27) Dus, die waardige ding vir 'n persoon op my ouderdom om te doen sou wees om nou dapper te sterf. 28) So sal ek vir die jongmans 'n edel voorbeeld nalaat, naamlik hoe om uit vrye wil en op 'n edel manier vir die gerespekteerde en heilige wette te sterf."*

*Nadat hy dit gesê het, het hy na die stellasioe toe gestap waar hulle hom sou martel. 29) Die mense wat voorheen so vriendelik met hom gepraat het, het nou teen hom gedraai. Vir hulle het dit wat hy gesê het na malligheid geklink. 30) Net voor hy van al die slae dood is, het hy kreunend gesê: "Die Here, met sy besondere wysheid, weet dat ek hierdie dood kon vryspring. Tog byt ek vas onder die geweldige pyn van die houe waarmee hulle my slaan. Maar diep binne-in my is ek baie bly, omdat ek die Here eer en dien."*

## **2 Makkabeërs 7:35 – 38**

Het jy al ooit daarvoor nagedink dat 'n mens net diereoffers in die Ou Testament kry en mense-offers verbied word, terwyl die Nuwe Testament net van mense-offers praat en sê ons hoef nie meer diere-offers te bring nie. Lees maar Romeine 12:1-2 waar ons ons lewens as offers moet gee of Hebreërs waar Jesus as die offer vir God beskryf word. Die gedagte dat mense hulle lewens vir God kan opoffer het juis met die martelare begin. Hulle het vir God gesterf en hulle dood was nie tevergeefs nie – dit was as offer vir die Here verstaan. Hier praat 'n Joodse martelaar met die koning wat hom martel en praat van sy lewe as offer gee...

## **2 Makkabeërs 6:35 – 38**

*'Jy het nog nie aan die oordeel ontsnap van die almagtige God wat alle dinge sien nie. 36) My broers het vir 'n rukkie baie pyn deurgemaak, maar hulle smaak nou die ewige lewe, soos God in sy verbond ooreengekom het. Maar wat jou betref: God self sal jou oordeel. Jy sal gestraf word vir al jou arrogansie. 37) Soos my broers offer ek my liggaam en lewe op vir die wette van my voorvaders. Ek smeeek God om gou weer vir ons volk goed te wees bo wat ons verdien. Net so smeeek ek hom om jou met allerhande pyn en swaarkry te tref sodat jy sal bely dat*



*Hy die enigste God is. 38) Ek vra die Almagtige ook dat na dit wat met my en my broers gebeur het Hy nie meer tereg kwaad wees vir ons hele volk nie.'*

**Outeur:** [Prof Jan van der Watt](#)